**SAAMPRAATPAPIER** **28 OKTOBER 2012**

**HERVORMINGSDAG**

**Vandag weer nodig om te onthou dat die Hervorming/Reformasie vir ons op die volgende sake wys:**

**Redding uit Geloof en Genade alleen, Jesus alleen, Skrif alleen**

**Vandag staan ons bietjie stil by die laaste punt, naamlik die Skrif/ Woord van God:**

1. **VERTEL** bietjie vir mekaar hoeveel Bybels jy in jou huis het. Dink julle almal in die wêreld het die voorreg om so baie Bybels te hê?
2. **Dink julle elke huis in die wêreld het ten minste 1 Bybel?** *Nee, ongelukkig nie*. **BESPREEK: Hoekom nie?**
3. **VERTEL** vir mekaar: Waarom lees jy nog Bybel? Wat kry jy daaruit, wat maak dat jy weer en weer daaruit lees?
4. **PRAAT SAAM: Hoekom is die Bybel nodig? Kan ons nie maar net uit die natuur agterkom daar is 'n God nie?** Anders gestel: Iemand sê dat hy/sy die Here net so goed in die natuur kan leer ken as deur die Bybel en daarom het hy/sy nie ʾn Bybel nodig nie. Hoe sou julle hom/haar antwoord?
5. **LEES 2 Timoteus 3: 14 – 16. DEEL met mekaar dit wat tot jou spreek in die gedeelte**
6. **DEEL MET MEKAAR:** Wat maak dat mense nie so baie Bybellees as wat hulle kan nie?
7. **VERTEL MEKAAR:** Kan jy onthou wanneer/waar/hoe dit gebeur het dat die Bybel vir jou belangrik geword het/dat jy besef het dit is nie maar sommer net enige boek nie.
8. **VERTEL MEKAAR:** Was daar 'n persoon/persone in jou lewe wat deur die Here gebruik is om jou dit in punt 6 te laat besef?
9. **LIG MEKAAR IN: Wanneer en by wie het jy jou eerste "grootmens" Bybel gekry?**
10. **DEEL MET MEKAAR:** Wat is jou geliefkoosde teksverse en hoekom.
11. **PRAAT SAAM:** Maak ons nog tyd om Bybelverse te memoriseer? Hoekom, of hoekom nie?
12. **BID SAAM:** Dank die Here vir die voorreg om sy Woord te mag hê, en dan nogal in ons eie taal. Bid vir die mense wat al Christene is, maar nog nie eie Bybels het nie. Bid vir hulle wat die Here nodig het en nog nie ken nie, en dus Bybels nodig het om Hom te leer ken.
13. **BEPLAN SAAM:** Vir wie gaan julle as groep 'n Bybel gee hierdie week ('n nuwe Bybel vir iemand - kan ook 'n klein/maklik om rond te dra Bybel vir 'n boemelaar wees, dalk 'n grootdruk-Bybel vir iemand met oogprobleme, 'n kind se eerste Bybel).

    **BESLUIT SAAM:** wie gaan dit koop, en wie gaan dit aan die persoon besorg en volgende keer aan julle kom terugvoering gee.